# PREEK-METHODE.

REDE GEHOU BIJ DIE OOR-
DRAG VAN DIE REKTORAAT
AAN DIE THEOLOG. SKOOL
TE POTCHEFSTROOM, OP
- - 2 DESEMBER 1916. - -

Deur Dr. J. D. DU TOIT

„Het Westen"-Drukkerij en Boekhandel.
Potchefstroom. - A. H. Koomans.

TB
251
DUT

# PREEK-METHODE.

31

REDE GEHOU BIJ DIE OOR-
DRAG VAN DIE REKTORAAT
AAN DIE THEOLOG. SKOOL
TE POTCHEFSTROOM, OP
- - 2 DESEMBER 1916. - -

En zij lazen in het boek, in de wet Gods, duidelik; en de zin verklarende, zo maakten zij, dat men het verstond in het lezen.

Neh. 8:9.

Seer waarde Kuratore, Professore en studente van die Theologiese Skool; en voorts almal hier teëuwoordig,

Seer geagte Toehoorders,

Die verleiding is groot om bij 'n rektorale oordrag, 'n suiwer wetenskappelike onderwerp te kies en die naar streng-wetenskappelike methode te behandel. Dié geleënheid bied sig aan om naar buite iets te laat blijk van wat jaar-in jaar-uit in stille afgeslotenheid op kollege besproke word; om die sware voorhangsel weg te skuiwe en die buitewereld 'n blik te gun in die binneste heiligdom van wetenskappelike arbeid.

Ewewel het ik gemeen, dat die verleiding weerstaan moet word en dat ik mijn keuse moet vestig op 'n meer praktiese onderwerp, ofskoon reeds 'n stof naar mijn professorale hart gekose en afgebakend was.

Hoofdoel en strekking van onse Skool is nog altijd prakties, hoewel dit nie uitsluit nie dat naar strenge methode gearbei word. Die studente, wat onse Skool verlaat, is dan ook lewende bewijse van die wetenskappelike methode, wat gevolg word.

So het ik dan besluit om te spreek oor iets, wat die praktiese vorming van onse Dienare raak — 'n saak wat ons als theologiese professore vanself veel besighou. Ik sal tot u spreek oor P r e e k - m e t h o d e, 'n onderwerp van groot gewig vir die prediker,

maar ook nie van belang ontbloot vir die gewone gemeentelid nie.

Vir twee punte vraag ik uw aandag, want die woord „methode" in verband met „preek" wijs aan, dat ik moet blootlê, die weg wat moet gevolg word bij die v e r k l a r i n g en b e h a n d e l i n g van die preekstof. Mijn rede val dus in twee dele uiteen: vereers moet ik antwoord op die vraag: hoe word die preekstof verkrij? om daarna aan te toon hoe dit moet behandel word.

## I.

Die antwoord op die vraag: hoe die preekstof verkrij word? is gegee in die woord Skrifverklaring, of liewer, omdat hierdie woord 'n gemeenplaas geword het, Skrifopening, m.a.w. die prediker moet sijn stof eenvoudig aan die skrif ontleen. „Niks biesonders nie" denk misskien menigeen bij sigself. Seker, en tog die spil waarom alles hier draai, soos gaandeweg wel sal blijk.

Laat mij nou begin met 'n beroep op die geskiedenis van predikkunde. Dan sal mijn bedoeling en bewering al aanvankelik duidelik word.

Daar is twee bloeitijdperke in die lewe van die Christelike Kerk, n.l. die eerste eeuwe, en later die hervorming; en nou is dit opmerkelik, dat juis in dié tije so duidelik uitgesproke werd, dat die prediking Skrifverklaring moet wees.

Wat aangaat die oue Kerk kan ik volstaan met 'n woord van Herder: „Van dat die prediking opgehou het te wees wat dit was in die mond van die apostels,

'n eintlik gesegde boodskap, — werd dit verklaring van Gods Woord, van die apostoliese Skrifte, van hulle leer, en toepassing op die aandagtige vergadering van alles wat voorgelees was. Dit werd genoem 'n „homilie" en die was inderdaad g'n deftige toespraak en g'n redevoering nie." Herder voeg hierbij: „Die Skrifverklaring is in mijn oog die vernaamste en beste prediking, veral in onse tijd; ik beskouw dit in biesonder als die beste en sekerste middel tot oefening vir jonge mense om te leer preek." 1)

Van die eksegetiese (Skrifverklarende) homilie was Origenes die vader. In sijn prediking het hij die Skrif vers vir vers gevolg, en 'n grammatikale, historiese en mystiese verklaring gegee met toepassing. 2)

En nou mag 'n mens wel die mystiese en allegoriese opvattings van die vaders, wat die homilie voorgestaan het, veroordeel, d.i. die m a n i e r waarop hul die Skrif verduidelik het — feit blij dit ewewel, dat hul hoofdoel was om G o d s W o o r d naar die mense uit te breng.

In die voetspoor het die hervormers gevolg. Hul het ook in dié opsig aansluiting gesoek bij die oue kerk deur die Bijbelse homilië in eer te herstel. 3) Aansluiting ewewel, wat gin teruggang beteken nie, want hul het die Skrifprediking in vaster baan gaan lei.

Oor Luther sal ik hier nie uitwij nie. Bekend is dat hij bijna altijd 'n gedeelte van die Skrif tot preekstof gekies het. Dit was 'n gevolg van die perikope-systeem, wat ten minste dié voordeel gehad het, dat behoorlike en belangrijke stukke van

Gods Woord aan die volk voorgehou werd. 4) Luther self sê: „Toen ik jong was, was ik geleerd, en het met allegorieë, tropologieë en analogieë allerlei ijdele kunste gedrijwe. Nou het ik dit alles laat vaar, en dis mijn beste kuns eenvoudig die Skrif te verklaar, want die letterlike sin, die doen dit; daarin is lewe en krag, die ander is narre werk, hoe skoon dit ook glinster." 5)

Van Zwingli, die Switserse hervormer, weet ons dat hij in Zurich opgetree het met vervolgpreke oor die Evangelie van Mattheus. Ook Bullinger het hele Bijbelboeke in predikasies behandel. 6) Van Zwingli is ook afkomstig die „Prophezeien" waarin stukke van die Skrif behandel werd, eers vir studerende en daarna vir nie-studerende. 7)

Bij Calvijn moet ik iets langer stilstaan. Prof. Biesterveld sê van hom: „De preken van Calvijn zijn meestal meer homilien dan wel uiteenzettingen van de teks naar de regelen van rhetorica en homiletiek. Hij geeft populaire en bevattelike eksegese (uitleg) van de tekst, waaraan hij allerlei lering, vermaning, en vertroosting weet te verbinden. . . Hij gaat eenvoudig van het ene vers tot het andere over . . . Zijn hoogste doel is de Schrift te doen kennen, haar uit te leggen, opdat haar licht strale op het levenspad . Vanzelf staat met deze methode in verband, dat Calvijn in de regel gehele boeken van de Bijbel hoofdstuk voor hoofdstuk voor zijn gemeente verklaart en toepast." Tereg het hij daarom die eretitel van „orateur exegéte" verdien. 8) Aan die reëls van redeneer en predikkunde het hij sig maar weinig gesteur. „Gister het ons gesien"; „ons het van môre ge-

sien": daartoe bepaal sig die begin van sijn preek. — ,,Ons sien dus nou in kort wat Moses se bedoeling is. Wat oor is moet ons tot môre bewaar": daartoe bepaal sig die slot van sijn preek. Wat die indelings, oorgange en andere kunsmiddels van die predikkunde aangaat, hul is ewemin te vinde als inleiding en slotrede: ,,Siedaar 'n tweede punt wat ons moet opmerk"; ,,siedaar 'n punt ;" ,,siedaar wat ons moet onthou betreffende hierdie Skrifwoord"; en dan gaat die verklaring tot die volgende oor." 9)

Prof. Rutgers sê van Calvijn se prediking: ,,Het was zijn gewoonte of liever zijn beginsel, om bij de dienst des Woords in de samenkomsten van de gemeente nooit losse teksten te behandelen, maar altijd het een of ander Bijbelboek, bij afwisseling, in zijn geheel tot vervolgstof te nemen (een gewoonte, die de Gereformeerde Kerken in haar bloeitijd ook elders vaak volgden." 10)

Met name van die Nederlandse vlugtelingekerk in Londen weet ons dat ook so gespreek werd. Dr. A. van Schelven noem als deel van die diens: ,,behandeling van een bijbelboek, dat achtereenvolgens aan de gemeente werd verklaard." 11) Ook Andreas Hyperius het in sijn predikkunde die oog nog op praktiese populêre Skrifverklaring. 12)

Naas die getuigenis van manne uit die bloeitijd van die Kerk wens ik nog te lê enige losse uitsprake uit later daë.

Reeds werd die gevoele van Herder meegedeel. Voeg daarbij wat Ammon sê: ,,Die homilie is meer geskik om die Bijbel, wat altijd nog te weinig geken word, te leer ken. Hul maak die toepassing

van die Skriftuurlike grondbeginsels op die biesondere en openbare lewe gemaklik."

Scholl sê: ,,Gods Woord is bij die homilie meer geheel en al die grondslag en die geleiddraad . . . . Ook is sij meer geskik om kennis van die Skrif in haar geheel en in haar biesonderhede mee te deel, om in die oordenking van die Woord Gods smaak te doen krij, en om hulle wat dit gebruik te leer, om dit met verstand, met aandag en steeds met dadelike en persoonlike toepassing op sigself te lees." 13)

Jean Philippe Du Toit, die christen-philosoof, wat ook deur Vinet als autoriteit hooggeskat word, sluit sig bij hierdie uitsprake aldus aan: ,,Dit is te wense, dat hierdie soort prediking meer algemeen was. Dan sou Gods Woord bij vervolg verklaar gewees het en nie 'n reeks van menselike redenerings waarnaar een teks geplooi word. Die homilie was die geliefkoosde soort van die kerkvaders. Opgestel in goeie smaak en deur mense wat in staat is om hul te maak, sou hul bij uitstek nuttig wees. 'n Deel van die Skrif word geneem, en in sijn hele verband verklaar, die inwendige sin daarvan word ontwikkel; tallose denkbeelde kom daar onwillekeurig bij op; en in weinige woorde word 'n tal van pligte verklaard. Dit sou 'n meer kernagtige, meer Skrifmatige, meer Christelike predikwijse wees. Die volk sou geleer word hoe om die Bijbel te lees; hij sou voor die menigte verklaar word en vir hul die verband aangetoon word tussen die denkbeelde, wat oppervlakkig weinig mekaar skijn te nader. Ein-

delik sou die mense sig minder verwijder van die Woord Gods." 14)

Eindelik wil ik nog vermeld die gevoele van 'n uitnemende prediker uit die nuwe tijd, n.l. Spurgeon, hoewel hij wat die punt in kwessie aangaat, feitelik op 'n ander standpunt het gestaan.

Hij sê o.m. :,,die teenwoordige manier van preek met korte tekste, te same met die grote nalatigheid om publiek die Woord te verklaar, is seer onbevredigend. Ons kan nie verwag om veel van die lering van die Heilige Skrif uit te breng nie deur vers na vers uit te soek en die dan op goeie geluk af aan die mense voor te hou." 15) Hij merk dan ook op, dat predikers maar net die versies moet aanstreep, waaroor hul gepreek het om te sien hoe weinig van die Skrif behandeld is. 16)

Die predikers wat net Spurgeon se preke lees en dit misskien als model gebruik, moet bedenk dat hij gewoon was eers sijn hoofstuk kortelik te verklaar voordat hij begin preek het. Volgens sijn eie getuigenis het dit seer profijtelik gewerk. 17)

Waarom nou die aanhalings? Nie om die homilie als sodanig sonder meer aan te beveel als die beste preekmethode nie, maar om aan te toon dat die Kerk in haar beste periodes en deur haar uitnemendste tolke ons die beste weg aangewijs het wat betref die verkrijging van die preekstof. Nie verse of stukke van verse moet gebruik word als smalle fondament om 'n huis van eie gedagtes hoog op te bouw, maar die Skrifgedagte moet uitgebreng word soos dit ons

deur die Heilige Gees oorgelewer is in boeke, hoofstukke en onderafdelings.

Wel is daar enkele verse, rijke en diepe gesegdes, wat als lantêrns kan gebruik word om die verborge skatkamers van die Skrif te deurwandel. Maar dis dan tog weer wat verlang word, n.l. Skrifprediking, ofskoon die manier van doen sig in die reël nie aanbeveel nie.

Laat ons bedenk, dat hier 'n groot beginsel in die spel is. Dis nie maar die kwessie van 'n goeie of minder goeie manier van doen nie; nee, maar dis hier die vraag: sal ons God gehoorsaam wees, of onse eie vrije wil volg. Ik sou graag wil weet wat vir konsekwensie daar lê in die handelwijs van so menigeen, wat in sijn Dogmatiek die vrije wil uitban en in sijn Homiletiek dit weer invoer?

Of is dit gin vrije wil als die stof of teks vir Sondag geheel afhankelik gestel word van die predikant se keuse, dikwels van sijn luim of inval?

Daarom hou ons vas aan die beginsel neergelê in die bloeitijd van onse Gereformeerde Kerke: in Gods Huis Gods Woord. Gods Gemeente moet met niks anders gevoed word als met die kennis van Gods wil en dié beginsel kom eers tot sijn reg als alle eiewillige godsdiens uitgeban en die Skrif self weer die inhoud van alle prediking is. 18)

Dis ook die goeie beginsel wat in Gods Woord self voorgeskrewe is. Toen Juda uit die ballingskap teruggekeer was, het Esra en sijn medestanders die Wet aan Gods volk bekend gestel. Op hoe 'n manier? ,,En hul het gelees (so staan daar) in die boek, in die Wet van God, duidelik; en die sin verklarende,

so het hul gemaak, dat die mense dit verstaan het onder die lees" (Neh. 8:9).

Jammer ewewel dat die Kerk van die standpunt afgegaan het. Na die vervolging van die eerste eeuwe het daar mooie kerkgebouwe verrijs en om daarbij te pas moes nou mooie preke gelewer word. 19)

Na die *Hervorming* was dit nie veel anders nie. Eers kom die tekspredikiking, waarbij die prediker die dele van sijn teks ontwikkel en tot 'n eenheid saamvoeg. Dan volg die preek ,,naar aanleiding van" 'n teks, en eindelik word die mottopreek met vlag en wimpel *ingehaal*.

Eers word op grond van 'n teks Skrifwaarhede verkondig, maar na verloop van tijd preek die dienaar oor 'n roos, of 'n lelie, of heuning met alle mogelike vergelijkings totdat dit weer eindig met 'n voordrag oor hoe jij jouw hare moet kam, oor die rook van tabak, of die maak van 'n testament. 20)

So het die prediking in Protestantse Kerke sprekend gaan gelijk op die van Rome soos deur Erasmus geskets. ,,Willen zij van de Christelike liefde spreken dan maken zij hun eksordium over de Nijl van Egypte. Of als zij zullen handelen over de geheimen van het kruis laten zij plechtig Babylon's draak optreden; de vastenpreek begint met de twaalf tekenen van de Zodiak, de preek over het geloof met de kwadratuur van de sirkel" enz. 21)

Dog genoeg van die soort uitspattinge. Daarteenoor, ja teenoor al die 25 methodes van die scholastiek stel ons nou vas, dat die prediker die Woord, die ganse grote, rijke Woord van God tot die gemeente moet uitbreng en sijn eie wijsheid moet agterwege laat

# II.

Nou kan ons verder gaan, om in die tweede plaas aan te wijs, hoe die stof wat a a n d i e S k r i f ontleend is, moet b e w e r k word.

Die kerkvaders en hervormers wat die regte fondament gelê het, sou die huis nie voltooi nie.

Aan ons werd dit oorgelaat. Ons grawe dan ook die oue fondament oop, nie om daarbij neer te sit nie, maar om daarop voort te bouw.

Allereers dan die opmerking, dat ons inplaats van die oue analytiese (ontledende) behandeling moet stel die synthetiese (saamstellende). Andere tijë stel andere eise. Origenes se gehoor bijv. was van die aard dat hij meer als kathecheet dan als homileet moes optree.

Calvijn het bijna in dieselfde geval verkeer. Prof. Biesterveld sê: „Juist de grote behoefte van de gemeente aan meerdere kennis van de Schrift deed hem prediken gelijk hij het heeft gedaan. Hij moest wel zin voor zin en woord voor woord de Schriften voor de gemeente uitleggen en toepassen. Men wist zo weinig van die Schrift en verstond haar zo verkeerd ook in hetgeen men er nog van kende." 22)

Baing Skrifkennis is daar nog nie, maar ons mag aanneem, dat daar 'n meerdere bekendheid is met Gods Woord. Vandaar dat ik die synthetiese eis voorop stel. Dan, daar moet 'n voortvare tot volmaaktheid wees. Ons kan nie rus nie voordat Gods gedagte in sijn grote lijne weer gesien en deursien word. 23)

Analytiese verklaring moet daar wees en dit moet

nog van vers tot vers gaan, maar als die hoofstuk goed bestudeer en die prediker se woorde goed gekose is, dan word daar snelle voortgang gemaak, veral als die gemeente die Bijbel voor hul ope het.

Bedoeld is dus gin Skrifverklaring sonder meer nie, gin Bijbellesing in die gangbare sin, gin opheldering met stukke en brokke, wat in die studeerkamer moes geblij het. Nee, wat verlang word, is dat die spesifieke (seer biesondere) betekenis van elke Bijbelboek die voorwerp van ondersoek sal wees en dat dit uit die biesondere dele sal aangetoon word. So alleen sal Gods Woord weer herleef en sig openbaar in sijn onverwinlike krag.

Die prediker se taak word op die manier seer moeilik en ernstig. Spurgeon het reeds gesê: „In die reël bestee ik veel meer tijd aan die verklaring dan aan die preek. Als eenmaal 'n preek met 'n grote hoofgedagte begonne is, dan gaan dit verder maklik, want die waarheid konsolideer en kristalliseer sig rondom die hoofgedagte soos suikerdeeltjies rondom 'n touwtjie wat in stroop hang; maar wat die verklaring aanbetref — jij moet bij jouw teks blij, jij moet die moeilike punte i ndie aangesig sien, en ji moet indring in di egedagte van die H. Gees meer dan in jouw eie gedagte." 24)

Hoe sal die prediker dit reg krij? Ik weet net één raad, en dis 'n hoofpunt, waar ik nadruk op wil lê. Die prediker m o e t in besit wees van die enkele waarlik goeie kommentare en boeke oor die Heilige Skrif. Ik spreek van enkele, want hul is inderdaad skaars.

Enige kere het die spreker al voor boekrakke

van broeders-predikante gestaan met die uitroep: „broeder, jij het heelwat boeke, maar gin een wat jou eintlik kan help om 'n preek te maak nie."

Sekere kommentare het nou eenmaal naam en word, sonder oordeelkundige kennis, so maar uit modedrang aangekoop. Vraag mens egter aan die besitter: het hul jouw wesenlik gehelp bij die make van preke? dan word verleë met skouderophale geantwoord.

Om die Skrifprediking, soos hier bedoeld, 'n sukses te maak, moet twee dinge gebeur.

Ten eerste moet bij die theologiese studie die eksegese (Skrifverklaring) weer hoofsaak wees. Dit het Zwingli, Luther en Calvijn ons met treflike eenstemmigheid geleer. 25)

Wel het die theologiese wetenskap sig sedert die tijd verbasend uitgebrei en word van 'n predikant teënwoordig geeis, dat hij thuis sal wees in 'n veel wijer kring van kundighede. Maar dit verander niks aan die feit nie,dat ons als Skrifgelowige net één standpunt kan inneem, n.l. die van onse hervormers.

Is dit nie treurig nie dat 'n student teënwoordig gekonfijt word in Dogmatiek, Kerkreg en selfs Bijbelkritiek, maar dat die Skrif hom, in die grond van die saak, vir die grootste deel vreemd is als hij Skool of Universiteit verlaat?

Hoofvak van theologiese studie moet dus weer eksegese wees. Eksegese uit Hebreews en Grieks, want die twee is „die twee oë van Bijbelkennis", soos Francke gesê het. Maar ook eksegese uit die Hollandse Bijbel, om des te vinniger vooruit te kom.

Iedereen moet aan die student, als hij die Skool verlaat, kan voel: die man is thuis in die Skrif, hij is daar deurtrokke van, sijn hele siel is daarvan vol.

Hier kom in die tweede plaas bij, dat die student ook uitwendig goed voorsien moet wees. Als die jonge timmerman zijn tegniese skool verlaat, dan sorg hij vir 'n goeie hamer, saag, skaaf en ander gereedskap. Daar hang vir hom alles van af.

Maar, ag, met watter boeke en boekies gaan dikwels onse studente die wereld in.

Dit kom daarvandaan, dat 'n goeie saag en skaaf maklik te koop is, maar goeie kommentare, wat regtig die Skrif vir 'n mens oopmaak, is skaarse artikels, skaarser als wat die meeste denk.

Spurgeon het ten dienste van studente en predikante 'n hele lijs van boeke saamgestel, en het hier en daar sijn opmerkings ten beste gegee. Maar die lijs, wat tot 'n boekdeel uitgegroei het, is vir ons van minder waarde 1) omdat dit van uit 'n ander gesigspunt bewerk is en 2) omdat Spurgeon nie deurgaans krieties is nie, maar groen en rijp deur mekaar opgee.

Van watter onskatbare waarde sal 'n kleine katalogus wees, wat, met die nodige beskrijwing, ons 'n lijsie gee van boeke, wat volgens hierdie methode in aanmerking kom!

Om die kommentare deur mij bedoeld nader aan te dui, noem ik net één, n.l. die van George Adam Smith op Jesaja. Als daar op elke boek van die Bijbel so 'n verklaring te krij was, dan was elke prediker 'n Chrysostomus. Nie welbespraak maar welsprekend sou ieder dienaar gewees het om die

gewig van die waarheid wat hij draag. Gin klatergoud sou aan hom skitter nie, maar hij sou verskijn als die erfgenaam van al die skatte van Gods Gees.

Naar mijn beskouwing is dit verkeerd wat Ker (in sijn anders goeie History of Preaching) sê dat sulke kommentare lei tot verswakking van eie gawe. 26)

Juis andersom, hulle is die water wat bo in die pomp gegoi word, om dit aan die werk te sit (Spurgeon).

Persoonlik sien die spreker gin kans om die Skrif waardiglik te open sonder ekstra goeie boeke nie, en hoe kan hij dan van andere eis, dat hulle dit uit hulself sal doen?

In die 20ste eeuw is ons nie meer oorspronkelik nie.

Haal dit dan maar waar jij dit kan krij. Als dit in eie binneste degelik verwerk is, is dit gin letterdiefstal nie.

'n Mens moet net oppas als die preek 'n kunsstuk is, naar die eis van Reinhard en sovele andere. Dan mag jij nie steel nie, net so min als jij die gedig van 'n ander als jouw eie mag uitgee.

Daardie arme prediker het sijn uiterste bes gedoen om die opstel mooi in mekaar te sit, en nou gaan ik met sijn kalf ploeg! Dis nie reg nie.

Kom ik ewewel met die gedagtes van Gods Gees, in 'n hoofstuk neergelê, dan hoef niemand mij te vra nie: waar haal jij dit vandaan?

Ik doen dan net mijn werk, en die wat mij voorlig sal selfs blij wees als ik, wat hul gevonde het,

sovér molik uitdra. Augustinus het dan ook al permissie gegee om maar van andere oor te neem wat jouself ontbreek. 27)

Hou mij in verband hiermee nog 'n opmerking ten goede.

Genoem werd die naam van Smith. Daar kon ik nog bijvoeg die van Stier, Baumarten, Kalisch, Auberlen e.a. Nou kan die opmerking gemaak word: „maar die mense is alles behalwe gereformeerd-orthodoks". Spurgeon sê bijv. van Kalisch, dat hij ketterije rondstrooi en daarom nie kan aanbeveel word nie.

Maar ik reken so: die student word goed gekonfijt in Dogmatiek, sodat hij 'n stewige stuur in sijn hand het om hom oor die stormagtige watere van Skrifondersoek te lei. Wil hij liewer met sijn skuitje op die rustige vlak van 'n binnewatertjie vaar, mij goed; maar hij moet dan weet, dat hij self die indruk van 'n plesiertoggie wek, en selfs gevaar loop sijn medeopvarende in slaap te wiegel.

Om nou te resumeer: hierdie methode gaan uit van die raad, wat 'n vermaarde Hollandse prediker aan 'n student gegee het op die vraag: hoe moet 'n mens 'n preek maak? Die antwoord was: „eksegetiseer, eksegetiseer, eksegetiseer." Natuurlik werd nie bedoel, dat die student alles op die preekstoel sal breng nie, wat hij in sijn studeerkamer gevonde het. Nee, hij moes verskijn met die eind-resultaat van al sijn arbeid, die volgroeide synthese van die Skrifdeel, wat onder behandeling is.

Daar ewewel die meeste predikante nie tijd of krag

daartoe besit nie, moet manne van die vak vir hul die werk doen. Die prediker se taak is afgedaan als hij verwerk wat hom verskaf word en als hij dit op die gemeente-toestand toepasselik maak.

Ik het daar net gesproke van die gemeente-toestand. Hieromtrent 'n enkel woord. Getrouwe uiteensetting van Skrifgedagte wil *nie* sê *nie*, dat daar gin t o e p a s s i n g moet wees nie.

Calvijn reeds leer ons dit anders. Prof. Viguié het van hom gesê: „Uit de meest wijsgerige tekst weet hij nog een lering te putten. Hij is de man van de toepassingen! Zijn preek is een en al toepassing." 28)

So is dit. Bij Calvijn is daar net één tree tussen sijn teks en die werkelike lewe. 'n Student kan bij hom die kuns afkijk om toepassings te maak.

Als die Woord egter reg verklaar word, dan voel die hoorder al dadelik waar dit heengaan, en is dit nie eens altijd nodig om so direk toepaslik te wees nie. Dis juis die verdienste van Geo. Adam Smith se kommentaar, dat hij aldeur Jesaja laat spreek als 'n man van o n s e tijd, en ons aldeur laat voel: die boek is vir j u l l e geskrijwe.

## III.

Laat ons nou ten slotte nog nagaan, wat die betekenis van hierdie methode is 1) vir die skrijwer oor predikante, 2) vir die prediker en 3) vir die gemeente.

1) Die skrijwer oor predikkunde kan sijn boek nou baing korter maak. Al die anders vername kwessies

van inleiding, verdeling, oorgang, afwisseling van stof, persoonlike element van die prediker, vinding, tekskeuse en soveel meer, — waarbij gewoonlik so eindeloos gewik en geweeg word, — kan hij met 'n paar korte woorde afdoen.

Die goue sleutel van Skrifprediking sluit al die vraagstukke so gemaklik ope, soos die spreker uit ervaring weet.

'n *Onskatbare aanwins sal dit vir die gereformeerde theologie wees*, als iemand ons 'n homiletiek lewer volgens hierdie, naar mijn beskouwing, bepaald Calvinistiese opvatting. Meteen sou hij ons dan kan verskaf 'n lijsie van die boeke, wat 'n predikant bij sijn preekwerk nie kan mis nie.

2) Vir predikers het die methode die grote voordeel, dat hul al Maandag tevore weet wat die onderwerp vir Sondag sal wees. o, Die marteling van tekssoekerij! 29) Hier tref ons 'n mooie woord. Haastig die kommentaar opgeslaan. Nee, dis te arm; ons kan daarmee gin halfuur aan die gang blij nie. Daar tref ons 'n ander woord. Ons maak drie verdelings, wat so goed geonde is en so symmetries sluit. Vir die eerste twee is daar stof in die teks, maar vir die derde nie, en die hoort daar tog eintlik ook bij! So gaan dit met 'n derde, vierde, tiende Skrifwoord. Saterdag tap die sweet ons al af. Die kansel moet al amper beklim word en daar's nog niks klaar nie. Eindelik red sig die prediker nog wel, — maar kan so 'n prediking wel opbouwend werk?

'n Ander voordeel van hierdie methode is, dat die prediker nooit hoef te vrees dat hij sal uitgeput raak nie. Elke dag gaan die gesigseinders van Gods won-

derbare Woord vir hom bietjie verder oop, en hij wens amper dat elke dag Sondag is.

Die vrees vir eensijdigheid sal hom ook nie plaag nie. Als hij Gods Woord op die voet volg, dan breng dit hom vanself met alle molike kwessies in aanraking. Calvijn het 25 jaar lang gemiddeld minstens 200 per jaar gepreek 30), en tog het hij altijd rijk en fris geblij. Sijn methode het vir hom die wije veld van dogmatiek, sedekunde, politiek en sociologie geopen. „Vir hom was alle onderwerpe godsdienstig." 31)

Eindelik is ook 'n voordeel, dat gin gemeentelid kan sê nie: *„Vandaag het meneer net vir mij gepreek."* Die prediker volg eenvoudig Gods Woord en bestraf die sondes soos hul daarin voorkom.

3. Vir die gemeente het onse methode die nuttigheid, dat sij Gods Woord weer hoor soos die deur die Heilige Gees ingegee werd. Wat sal die toestand van ons volk verander als dit mog gebeur!

Maar dan moet die gemeentelede ook aanleer om hul Bijbels naar die kerk mee te breng. o, Die liefelike geruis van Bijbelblade, liefliker als die geruis van lentewind deur groen geboomte heen!

Als hul dan naar huis gaan, hoef hul nie te vra nie: wat was die teks, of wat het die predikant gesê maar: wat staan daar geskrewe.

Oor die lotgevalle van onse Skool kan ik kort wees. Die getal studente is nou 16. Die sijfer lijk klein, maar ik herinner daaraan dat die hele matrikulasieklas nou bij die Gymnasium ingedeel is, 'n klas wat vanjaar die sijfer van 44 berijk het.

Als ons dus naar die oue maatstaf gaan reken, dan sou daar nou 115 studente gewees het.

Niettemin blij dit 'n feit dat ons getal gering is, al gaan ons nog ieder jaar vooruit. 'n Feit is dit ook, dat nog enkele van onse jongelinge naar andere inrigtings gaan. Ons beskouw dit in veel gevalle als 'n daad van ontrouw jegens onse Skool gepleeg.

Met dank aan God kan ik melde, dat professore en studente gedurende die jaar in goeie gesondheidstoestand verkeer het en dat ernstige siekte onder ons nie voorgekom het nie.

Bij die begin van die jaar is prof. Kamp weer tot ons teruggekeer na tijdelike afwesigheid. Prof Boshoff, sijn plaasvervanger, kon aanblij wegens milde steun van vrinde in Nederland. In die professoretal is daar dus gin verandering gekom nie.

Alweer moet ik die aandag vestig op onse gebrek aan lokaliteit. Daar is grond genoeg, maar die gebouwe is te min. Daarom begroet ons met geesdrif die pogings wat reeds aangewend is en nog aangewend sal word om ons van beter huisvesting te voorsien.

En hiermee wens ik dan die rektorale waardigheid oor te dra aan u, hooggeskatte ambtgenoot Prof. Dr. F. Postma, deur die h.h. Kuratore tot rektor benoem vir die jaar 1917. Van dat u die Universiteit verlaat het is uw lot met die van onse Skool saamgeweef gewees. Die moeilikhede, teleurstellings en strijd, wat aan onse inrigting eie is, ken u lange jare seer van nabij. Vandaar dat ik met blijdskap die rektoraat aan u kan oordraag, en die hoop uitspreek dat

ook die jaar 1917 vir onse Skool 'n gelukkige mag wees.

Vivat, floreat, crescat Academia.

—o—

## AANTEKENINGE.

1) A. Vinet, Homiletiek (vertaling van E. Moll), I bl. 171.

2) Schaff-Herzog IX bl. 159.

3) Schaff-Herzog IX bl. 165.

4) J. Ker, History of Preaching, bl. 159, 160.

5) Van Oosterzee, Praktische Theologie, bl. 154.

6) Van Oosterzee, a.w., bl. 152.

7) Kijk mijn Rede oor die 16e eeuwse Profetie, bl. 6.

8) P. Biesterveld, Calvijn als Bedienaar des Woords, bl. 64, 87, 88.

9) E. Doumergue, Calvijn de prediker van Genéve, vert. deur Mej. J. C. Rutgers, bl. 11, 12.

10) Calvijns Invloed op de Reformatie in de Nederlanden, bl. 94, 95.

11) De Nederd. Vluchtelingenkerken der 16e eeuw, bl. 85.

12) P. Biesterveld, A. Hyperius als Homileet, bl. 30, 39, 45.

13) Beide sitate bij Vinet, a.w., bl. 172, 173.

14) Jules Chavannes, Jean Ph. Du Toit, bl. 339. Vinet, a.w. bl. 171.

15) Commenting and Commentaries, bl. 21.

16) A. w. bl. 23.

17) A. w. bl. 22.

18) Vgl. Christlieb, Homiletik, bl. 296.

19) Zöckler, Handbuch, IV bl. 233.

20) Ker, a.w. bl. 177.

21) Lof der Zotheid (1909) bl. 117 v.v.

22) Calvijn als Bed., bl. 142.

23) Vgl. J. C. Sikkel, De H. Schrift en haar Verklaring.

24) Spurgeon, a.w., bl. 24.

25) H. H. Kuyper, Opleiding tot de Dienst des Woord b/d Gereformeerden, bl. 174, 197, 237, 437.

26) A.w., bl. 348.

27) Uitgawe T. en T. Clark IX bl. 169.

28) Biesterveld, Calvijn als Bed., bl. 71.

29 Vgl. Spurgeon, Lectures I bl. 88.

30) Rutgers, a.w., bl. 43.

31) Doumergue, a.w., bl. 23.